



Verwysing: 20190814-7904  
Lêerno.: 12/2/13/3  
Navrae: J Freese

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0015/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van alle skole

**Onderwerp: Afrika-kodewek "Train the Trainer"-werksessies vir alle onderwysers vir graad 3 tot 10**

1. Die Kaapstadse Wetenskapsentrum is die gasheer van Afrika-kodewek "Train the Trainer"-werksessies wat deur 'n internasionale sagtewaremaatskappy befonds en deur die Kaapstadse Wetenskapsentrum in Suid-Afrika geïmplementeer word.
2. Afrika-kodewek is 'n vastelandwye inisiatief om kodering (rekenaarprogrammering) onder die jeug te bevorder deur van sagteware gebruik te maak wat vryelik beskikbaar is.
3. Die Afrika-kodewek "Train the Trainer"-werksessies word in die besonder vir onderwysers in die Wes-Kaap aangebied en is gratis.
  - 3.1 Die gratis "Train the Trainer"-werksessies vir onderwysers sal die volgende kwessies aanspreek:
    - Hoekom kodering/rekenaarprogrammering vir jong leerders?
    - Hoe om kodering/rekenaarprogrammering met behulp van SCRATCH gratis sagteware) te onderrig.
    - Hoe om 'n werksessie oor kodering/rekenaarprogrammering vir leerders tussen die ouderdomme van 8 tot 16 jaar te reël.
    - Hoe om werksessies vir leerders tydens die eintlike Afrika-kodewek, vanaf 04 tot 18 Oktober 2019, te reël.

- 3.2 Hierdie werksessies bemagtig onderwysers om leerders eenvoudige koderingsvaardighede te leer. Kodering (rekenaarprogrammering) kweek 'n bewustheid van kodering/rekenaarprogrammering en wakker 'n belangstelling in die 21ste eeu se leervaardighede buite die grense van die klaskamer aan. Dit bevorder:
- geletterdheid;
  - Wiskunde;
  - vaardighede vir probleemoplossing/kreatiewe denkwysse;
  - rekenaargeletterdheid; en
  - prosessuele geletterdheid, d.w.s. denke oor prosesse in die wêreld.
4. Afrika-kodeweek is 'n inisiatief wat nou vir die 5de jaar aangebied word, en die implementeerders moedig onderwysers van die Wes-Kaap aan om voort te gaan om by hierdie vastelandwye geskiedkundige inisiatief betrokke te raak deur te registreer om aan die gratis "Train the Trainer"-werksessies deel te neem. Onderwysers wat aan hierdie werksessies deelneem, sal gratis hulpbronne, verversings en 'n bywoningsertifikaat ontvang.
5. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) moedig skole aan om te registreer en om in 2019 aan die Afrika-kodeweek se "Train the Trainer"-werksessies deel te neem.
6. Die WKOD versoek dat skole kennis neem van die betrokke datums vir hierdie geleentheid wat op **13, 14 en 15 September (Vrydag-Sondag)** plaasvind. Onderwysers kan een sessie van nie langer as 2.5 uur nie op enige van hierdie dae bywoon.

DATUM	TYD
Vrydag, 13 September 2019	14:00–16:30
Saterdag, 14 September 2019	09:00–11:30
	12:00–14:30
	15:00–17:30
Sondag, 15 September 2019	09:00–11:30
	12:00–14:30
	15:00–17:30

7. Alle kommunikasie sal via e-pos, SMS en/of telefoon plaasvind en moet aan die Kaapstadse Wetenskapsentrum gerig word. Wanneer onderwysers registreer, moet hulle die verkose kommunikasiemetode aandui.
8. Vir **verdere navrae** of om **te registreer**, kontak asseblief die Kaapstadse Wetenskapsentrum telefonies, per faks of besoek hulle webwerf:

Telefoon	021 300 3200 (Theresa of Info); 083 276 9509 (Theresa)
Faks	086 519 7227
E-pos	<a href="mailto:theresaf@ctsc.org.za">theresaf@ctsc.org.za</a> of <a href="mailto:info@ctsc.org.za">info@ctsc.org.za</a>
Webwerf	<a href="http://ctsc.org.za">http://ctsc.org.za</a>

9. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers vir graad 3 tot 10 te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2019-08-16